

# Indirekte bepaling van sulfaat deur direkte meting met 'n loodioonselektiewe elektrode

JF van Staden

Departement Chemie, Universiteit van Pretoria, Pretoria 0002, Suid-Afrika.

## Abstract

A manual procedure for the indirect determination of sulphate by direct measurement with a lead ionselective electrode is described. An excess of lead(II)ions is added to the sample solution containing sodium perchlorate as ionic strength adjustor and methanol-formaldehyde to decrease the solubility and retard oxidation of the membrane. The system is useful for routine sulphate analysis in the range 20 to 200 mg.dm<sup>-3</sup> with a reproducibility of  $\pm 5\%$ . Major interference is caused by cations ( $Cu^{2+}$ ,  $Hg^{2+}$ ,  $Ag^+$ ) and anions which form insoluble lead salts ( $PO_4^{3-}$ ). The effects of ionic strength adjustors, lead(II) salts used, organic solvents and the interferences of cations and anions are discussed.

## Inleiding

Die turbidimetriese spektrofotometriese bepaling van sulfaat word in die meeste roetine laboratoriums gebruik vir sulfaatanalises. Kleur en troebelrigheid in sommige watermonsters steur egter by bogenoemde metode. Hierdie steuring kan wel uitgeskakel word deur outomatiese voorklepfiltrasie met geaktiveerdekoolstof-filtreerpapier, 'n dubbelkanaalsisteem of deur dialise (Van Staden, 1982; 1986). Daar bestaan egter 'n tipe water, byvoorbeeld afvloeiwatervanuit mynhoede en voerkrale, waar bogenoemde tegnieke nie so geslaagd is nie.

Elektrometriese (potensiometriese) titrasies met behulp van 'n ionselektiewe elektrode kan bogenoemde steurings uitskakel. Potensiometriese metings vir bepaling van sulfaat met ionselektiewe elektrodes word gewoonlik uitgevoer deur 'n presipitasietrasisie met 'n lood(II)oplossing en gemeet met 'n loodioonselektiewe elektrode (Orion Research, 1981; 1982).

Ross en Frant (1969) het aanvanklik 'n metode beskryf vir die potensiometriese titrasie van sulfaat met loodperchloraat waar die meting geskied het met behulp van 'n loodioonselektiewe elektrode. Die metode is verskeie kere verbeter totdat daar tans 'n aanvaarbare prosedure (Orion, 1981; 1982) is, maar dit berus egter op 'n titrimetriese prosedure wat tydrowend is. Gevolglik is ondersoek ingestel na die moontlikheid om sulfaat indirek te bepaal deur direkte meting met 'n loodioonselektiewe elektrode.

## Eksperimenteel

### Apparaat

Potensiometriese metings is uitgevoer met 'n Orion Model 901 syfer Ionalizer. Die sulfaat is indirek bepaal deur die lood(II)ionaktiwiteit met behulp van 'n Orion Model 94-82 vaste membraan loodioonselektiewe elektrode te meet. Die elektrode se membraanfase bestaan uit 'n PbS/Ag<sub>2</sub>S mengsel in die vaste vorm. 'n Orion Model 90-02 verwysingselektrode met 'n dubbele aansluiting is gebruik. Die buitenste kamer is gevul met 'n versadigde oplossing van natriumchloried en 'n hoeveelheid methanol wat dieselfde is as die hoeveelheid wat in die monsters gebruik is.

## Reagense

Analities reagens-graad reagense is gebruik, tensy dit anders gespesifieer is.

### ● Ioonsterkte verstelleroplossing (ISA)

Los 140,46 g NaClO<sub>4</sub>.H<sub>2</sub>O in gedistilleerde water op en verdun kwantitatief na 200 cm<sup>3</sup>.

### ● Metanol-formaldebiedoplossing

Voeg 10 druppels 37% formaldebied by 2,5 dm<sup>3</sup> metanol en skud goed.

## Standaarde

### ● Stam-loodperchloraatoplossing

Voeg 10,7737 g lood(II)oksied by 500 cm<sup>3</sup> gedistilleerde water in 'n 2 dm<sup>3</sup> volumetriese fles. Voeg hierby drupsgewys perchloorsuur en skud goed. Herhaal totdat alle lood(II)oksied opgelos het en verdun kwantitatief. Hierdie oplossing bevat 5 000 mg Pb<sup>2+</sup> in 1 dm<sup>3</sup>.

### ● Gebufferde metanoliese standaard-lood(II)oplossing


Voeg 90 cm<sup>3</sup> van die stam loodperchloraatoplossing by 800 cm<sup>3</sup> van die metanol-formaldebiedoplossing in 'n 1 dm<sup>3</sup> volumetriese fles. Meng goed. Voeg hierby 5,75 cm<sup>3</sup> ysasyssuur en 13,608 g natrium-asetaat en skud goed totdat alles opgelos het. Verdun kwantitatief na 1 dm<sup>3</sup> met gedistilleerde water. Hierdie oplossing bevat 450 mg.dm<sup>-3</sup> Pb<sup>2+</sup>. Berg in 'n poli-etileenhouer.

### ● Stam-sulfaatoplossing

Los 2,9574 g watervrye natriumsulfaat, gedroog by 120°C vir 2 uur, op in gedistilleerde water en verdun kwantitatief na 2 dm<sup>3</sup>. Berg in 'n poli-etileenhouer by 4°C. Die oplossing bevat 1 000 mg.dm<sup>-3</sup> sulfaat.

### ● Standaard-sulfaatwerkoplossings

Berei 'n reeks standaardoplossings (20 tot 200 mg.dm<sup>-3</sup>



Figuur 1  
Kalibrasiekurves vir 'n aantal water-organiese oplosmiddelmengsels. 25 persent organiese oplosmiddel is elke keer gebruik.

sulfaat) deur gesikte volumes stam-sulfaatoplossing te verdun na  $1 \text{ dm}^3$ .

### Procedure

Pipetteer  $50 \text{ cm}^3$  monster in 'n  $250 \text{ cm}^3$  beker. Voeg hierby  $2 \text{ cm}^3$  ISA en  $50 \text{ cm}^3$  gebufferde metanoliese standaard-lood(II)oplossing. Koel af in yswater. Metings word uitgevoer by  $0^\circ\text{C}$  terwyl die oplossing teen 'n konstante tempo geroer word met 'n Teflon-bedekte magnetiese roerder.

Kalibrasie word uitgevoer deur die  $50 \text{ cm}^3$  monsterthoeveelheid te vervang met  $50 \text{ cm}^3$  van die standaard sulfaatoplossings vir elke meting.

### Resultate en bespreking

Verskeie veranderlikes beïnvloed die resultate in hierdie bepaling. Gevolglik is besluit om hierdie veranderlikes deeglik te evalueer in die optimisering van die prosedure.

Die elektrode bepaal primêr die vry  $\text{Pb}^{2+}$ -ione in oplossing. Sulfaatione kan dus indirek bepaal word deur 'n oormaat  $\text{Pb}^{2+}$ -ione by die sulfaat te voeg. Loodsulfaat presipiteer en die elektrode meet dan die resulterende hoeveelheid vry  $\text{Pb}^{2+}$ -ione wat nog in oplossing is. Die oormaat  $\text{Pb}^{2+}$ -ione kan as 'n oplossing van loodnitraat of loodperchloraat bygevoeg word. Ross en Frant (1969) en Orion (1981; 1982) gebruik loodperchloraat in die onderskeie titrasiesisteme terwyl Scheide en Durst (1977) loodnitraat verkieks het. Beide sisteme is volledig geëvalueer met die voorgestelde metode. Die loodperchloraat het beter resultate

gelewer. In die geval van loodnitraat was die elektrode meer onstabiel by lae sulfaatkonsentrasies, die kurwe by lae sulfaatkonsentrasies het vinniger afgeplat, en steurings het 'n groter invloed uitgeoefen. Natriumperchloraat word as ionsterkte versteller in die prosedure gebruik. Die voorgestelde konsentrasie van  $0,10 \text{ mol} \cdot \text{dm}^{-3}$  natriumperchloraatoplossing (Orion, 1981; 1982) in die finale oplossing het bevredigende resultate verskaf en dit is net so in die voorgestelde prosedure geïnkorporeer.

Die *relatiewe* hoë oplosbaarheid van  $\text{PbSO}_4$  ( $K_{sp} = 1,6 \times 10^{-8}$ ) in waterige medium het 'n beperkende invloed op die indirekte bepaling van sulfaat uitgeoefen, veral by lae sulfaatkonsentrasies. Loodsulfaat het nie kwantitatief gepresipiteer nie en gevoglik is gevind dat die resultate nie kwantitatief in waterige medium is nie. Voorlopige toetses het aangetoon dat die hoeveelhede en tipe organiese oplosmiddel die helling van die kalibrasiekurve noemenswaardig beïnvloed. Ross en Frant (1969), Rechnitz en Kenny (1970), Scheide en Durst (1977) en Orion (1981; 1982) het verskeie organiese oplosmiddels gebruik om die oplosbaarheid van die  $\text{PbSO}_4$ -presipitaat te verlaag. Selig en Salomon (1974) het gevind dat p-dioksaan soos aanbeveel deur Ross en Frant (1969) nie gesik is as 'n nie-waterige sisteem nie. p-Dioksaan vorm peroksiedes in lug wat die elektrode selfs in lae hoeveelhede vergiftig. Die voorgestelde metode berus op die indirekte bepaling van sulfaat deur direkte meting. Gevolglik is ondersoek ingestel na die invloed van 'n aantal organiese oplosmiddels op die sulfaatkurwe. Die resultate word in Figuur 1 aangetoon. Die helling is nie-lineêr oor die hele konsentrasiegebied. Die invloed van die relatiewe hoë oplosbaarheid kan duidelik waargeneem word uit die kurwe waar die metings net in water uitgevoer word deurdat die relatieve potensialverskilskaal min verander met 'n toename in sulfaatkonsentrasie. Daarteenoor is die beste werkskromme met 'n metanolmedium verkry soos weerspieël word uit 'n relatiewe groot verandering in relatieve potensialverskil teenoor ander media wat gebruik is. Meer  $\text{PbSO}_4$  presipiteer met toename in sulfaatkonsentrasie wat dus aantoon dat metanol aanwesigheid die oplosbaarheid verlaag.

Die elektrode meet die oormaat vry  $\text{Pb}^{2+}$ -ione nadat presipitasie met sulfaatione plaasgevind het. Gevolglik is die hoeveelheid  $\text{Pb}^{2+}$ -ione, wat aanvanklik bygevoeg moes word, bepaal. Die resultate word in Figuur 2 aangetoon. Daar is gevind dat die stabiliteit van die elektrode oor die werkonsentrasiegebied 20 tot  $200 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  afneem indien die konsentrasie van die  $\text{Pb}^{2+}$ -ione in die aanvanklike byvoeging onderkant  $425 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  is. Gevolglik het die presisie verswak. 'n Toename in  $\text{Pb}^{2+}$ -konsentrasie verhoog wel die stabiliteit van die elektrode, maar verklein die relatieve potensialverskilskaal oor die hele werkonsentrasiegebied soos blyk uit Figuur 2. Die beste werksomstandighede in terme van presisie, stabiliteit en relatieve potensialverskil is verkry met 'n  $450 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$   $\text{Pb}^{2+}$ -ionoplossing wat aanvanklik bygevoeg moes word.

Orion (1981; 1982) gebruik formaldehied om die oksidasie van die elektrode-membraan te vertraag. Ondersoek het getoon dat 10 druppels 37 persent formaldehied in  $2,5 \text{ dm}^3$  metanol goeie resultate lewer. Orion (1981; 1982) gebruik verder ook 'n 50 persent (metanol-formaldehied)-waterige oplossing om die oplosbaarheid van die  $\text{PbSO}_4$ -presipitaat te verlaag. Kompensasie vir die byvoeging van 'n oormaat  $\text{Pb}^{2+}$ -ione laat egter net 'n 40 persent (metanol-formaldehied)-wateroplossing toe. Gevolglik is ondersoek ingestel na temperatuur as 'n faktor om die oplosbaarheid van die  $\text{PbSO}_4$ -presipitaat voldoende te verlaag. Die resultate word in Figuur 3 aangetoon. Daar is 'n toename in die relatieve potensialverskilskaal oor die hele werkonsentrasiegebied wanneer die meting in 'n ysmengsel afgekoel en gemeet


word teenoor meting by kamertemperatuur. Dit toon aan dat daar wel in die doel geslaag is.

pH steuring is vermy deur die pH tussen 4 en 5 te beheer met 'n asynsuur-asetaatbuffer. Daar is gevind dat die oppervlakte van die elektrode passief word met tydsverloop. Scheide en Durst (1977) het aanbeveel dat die elektrode-membraan na elke lopie hernu moet word deur dit op 'n spesiale strook materiaal (Orion 94-82-01) skoon te vryf. Resultate het egter getoon dat die relatiewe potensiaalverskil met bogenoemde verbruik sodanig verander dat die presisie drasties verswak. Dit word aanbeveel dat die membraan *na 'n reeks bepaling*s hernu word deur dit met die spesiale strook materiaal te vryf.


'n Kalibrasiekurve van 'n reeks standaard sulfaatoplossings verskyn in Figuur 4. Die resultate van die voorgestelde metode stem goed ooreen met die resultate wat verkry is met die standaard outomatiese gesegmenteerde en 'n vloeï-inspuut analitiese metode (Tabel 1). Die relatiewe standaard afwyking vir die voorgestelde metode is  $\pm 5\%$ . Die akkuraatheid van die voorgestelde metode is ook getoets deur bekende hoeveelhede sulfaat by watermonsters te voeg en te bepaal hoeveel van die bygevoegde sulfaat herwin is (Tabel 2). Die herwinbaarheid volgens hierdie metode is gemiddeld 98%.

Sekere katione en anione kan steur in die indirekte bepaling van sulfaat met behulp van die loodioonselektiewe elektrode. Die moontlike steurings is ondersoek in die teenwoordigheid van 40 en 100 mg. dm<sup>-3</sup> sulfaatstandaarde.

Die loodioonselektiewe elektrode is byvoorbeeld wel onder-



Figuur 2  
Invloed van die oormaat Pb<sup>2+</sup>-ionkopsentrasie op die vorm van die kalibrasiekurve.



Figuur 3  
Invloed van temperatuur op die vorm van die kalibrasiekurve.

TABEL 1  
VERGELYKING VAN DIE RESULTATE VERKRY MET 'N STANDAARD OUTOMATIESE GESEGMENTEERDE METODE, 'N VLOEI-INSPUUT METODE (VIA) EN DIE VOORGESTELDE LOODIOONSELEKTIEWE METODE (ISE)


Monster	Gesegmenteerde metode	[SO <sub>4</sub> <sup>2-</sup> ] as mg. dm <sup>-3</sup>		Variasie-koeffisiënt <sup>a</sup> van die ISE-metode %
		VIA	ISE	
1	198	192	197	2,8
2	181	177	176	5,1
3	143	147	140	3,4
4	103	106	102	4,1
5	43	39	40	4,9
6	85	87	88	4,4
7	70	64	69	4,6

<sup>a</sup>Vir 5 toetse in elke geval.

worpe aan steurings van Cu<sup>2+</sup>-, Hg<sup>2+</sup>- en Ag<sup>+</sup>-ione. Hierdie ione vergiftig die elektrode vinnig en moet afwesig wees in die monsters (Orion, 1981; 1982). Daar is gevind dat die HgCl<sub>2</sub> wat gebruik word om watermonsters te preserveer, die elektrode baie vinnig vergiftig deurdat 'n lagie op die elektrode vorm. Die metode is wel geskik vir die bepaling van sulfaat in water mits die monsters nie met HgCl<sub>2</sub> gepreserveer word nie.

$\text{Fe}^{3+}$ - en  $\text{Cd}^{2+}$ -ione beïnvloed ook die membraanoppervlakte (Orion, 1981). Resultate het aangetoon dat  $\text{Cd}^{2+}$ -ione slegs steur indien die konsentrasie daarvan groter as  $500 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  in die monster is. Onderzoek het verder ook getoond dat yster(III) begin steur sodra die konsentrasie van die yster(III) in die monster  $40 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  oorskry. Daar is egter gevind dat sodra die pH van die finale mengsel bokant 5 styg, die steuring van yster(III) verminder tot 'n vlak van  $250 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$ .  $\text{Ca}^{2+}$ -ione kan ook steur deurdat dit min oplosbare  $\text{CaSO}_4$  vorm.  $\text{CaSO}_4$  ( $K_{\text{sp}} = 1,9 \times 10^{-4}$ ) is egter meer oplosbaar as  $\text{PbSO}_4$  ( $K_{\text{sp}} = 1,6 \times 10^{-8}$ ). Gevolglik behoort die steuring minimaal te wees en dit is bevestig deurdat  $\text{Ca}^{2+}$ -ione slegs steur indien die vlak daarvan  $2000 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  in die monster oorskry.

Anione soos chloried, nitraat en waterstofkarbonaat kan ook steur in die bepaling van sulfaat in water (Orion, 1981; 1982). Daar is egter gevind dat die steuring van hierdie drie anione minimaal is. Nitraat en chloried steur indien die vlak van  $3000 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  in monsters oorskry word, terwyl dit in die geval van waterstofkarbonaat 'n vlak van  $2000 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  is. Anione wat minder oplosbare loodsoute as  $\text{PbSO}_4$  vorm, moet afwesig wees.  $\text{Pb}_3(\text{PO}_4)_2$  ( $K_{\text{sp}} = 7,9 \times 10^{-45}$ ) is minder oplosbaar as  $\text{PbSO}_4$ . Onderzoek het aangetoon dat dit wel die geval is en steuring is merkbaar vir fosfaatkonsentrasies bokant  $30 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$ .



Figuur 4  
Kalibrasiekurve vir 'n reeks standaard sulfaatoplossings.

### Gevolgtrekkings

Sulfaatkonsentrasies in die gebied 20 tot  $200 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  in oppervlakte-, grond- en huishoudelike water kan indirek deur

TABEL 2  
HERWINNINGSTOETSE MET DIE VOORGESTELDE ISE METODE OP DRIE WATERMONSTERS MET VERSKILLEnde SULFAATKONSENTRASIES (ALLE WAARDES IS DIE GEMIDDELDE VAN TRIPLIKAATANALISES)

Monster	watermonster	$[\text{SO}_4^{2-}] \text{ in mg} \cdot \text{dm}^{-3}$	Herwinningstoets		
			$\text{SO}_4^{2-}$ bygevoeg	$\text{SO}_4^{2-}$ herwin	% Herwin
1	189	5,0	4,90	98,0	
		10,0	9,85	98,5	
		15,0	14,90	99,3	
2	37	5,0	4,75	95,0	
		10,0	9,80	98,0	
		15,0	14,80	98,7	
3	121	5,0	4,85	97,0	
		10,0	9,85	98,5	
		15,0	14,90	99,3	

Gemiddelde % herwinning = 98,0%

direkte meting met 'n loodioonselektiewe elektrode bepaal word, onderhewig aan sekere steurings wat in ag geneem moet word. Steurings word hoofsaaklik ondervind deur die katione ( $\text{Cu}^{2+}$ ,  $\text{Hg}^{2+}$ ,  $\text{Ag}^+$ ) wat die elektrode vergiftig en wat afwesig moet wees in watermonsters. Fosfaat, wat min oplosbare loodsoute vorm, skep probleme indien dit die vlak van  $30 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  in water oorskry.  $\text{Fe}^{3+}$ -ione steur in konsentrasies bokant  $40 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$ , maar met 'n  $\text{pH} > 5$  is dit moontlik om die steuring te verminder na 'n vlak van  $250 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$ .  $\text{Cd}^{2+}$ - en  $\text{Ca}^{2+}$ -ione mag steur in konsentrasies bokant  $500$  en  $2000 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  respektiewelik. Die steuring deur chloried-, nitraat- en waterstofkarbonaattione met respektiewelike vlakke van  $3000$ ,  $3000$  en  $2000 \text{ mg} \cdot \text{dm}^{-3}$  is minimaal.

### Erkenning

Hierdie projek is uitgevoer met finansiële ondersteuning van die Waternavorsingskommissie, die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad en die Universiteit van Pretoria.

### Verwysings

- ORION RESEARCH (1981) *Instruction Manual for Lead electrode, Model 94-82.*
- ORION RESEARCH (1982) *Handbook of Electrode Technology.*
- RECHNITZ, G.A. and KENNY, N.C. (1970) Potentiometric measurements in aqueous, non-aqueous, and biological media using a lead ion-selective membrane electrode. *Anal. Letters* 3 259.
- ROSS, J.W. and FRANT, M.S. (1969) Potentiometric titrations of sulphate using an ion-selective lead electrode. *Anal. Chem.* 41 967.
- SCHEIDE, E.P. and DURST, R.A. (1977) Indirect determination of sulphate in natural waters by ion-selective electrode. *Anal. Letters* 10 55.
- VAN STADEN, J.F. (1982) Automated turbidimetric determination of sulphate in surface, ground and domestic water by flow-injection analysis. *Fresenius Z. Anal. Chem.* 310 239.
- VAN STADEN, J.F. (1982) Automated prevalve sample filtration in flow-injection analysis. Determination of sulphate in water removing suspended solids and colour before sampling. *Fresenius Z. Anal. Chem.* 312 438.
- VAN STADEN, J.F. (1986) Vloeisijsputt turbidimetrische analise van sulfaat in water. *Water SA* 12(1) 43.